NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 34

24 Oktober 2019

#hoopviralmal

Teken in om 'n skakel na blitspos te ontvang

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Whoosh-Whoosh-Whoosh. Hoor jy dit? Dis die sagte geluid van 'n ventilatormasjien. Kom, staan 'n bietjie nader! Kyk na die gesig van die pasiënt wat doodstil, toe-oë teen die wit kussings van die hospitaalbed lê. Kyk mooi! Ek vermoed jy sal haar vaagweg herken. Haar naam is … Hoop.

Ons het haar al iewers in ons lewens ontmoet. Miskien het sy jou al deur moeilike tye gehelp. Maar … sy het kragteloos geword. Nutteloos in ons dag en tyd. *Hoop werk nie vir my nie. Ek is 'n realis*, hoor ek iemand sê. Ek luister hoe mense praat. Ek sien hoe hulle optree. Hoop is op pad uit. Neem van haar afskeid, skakel die masjiene af.

Kan ons dit werklik bekostig om haar te groet? Hoop is immers die verklaring dat ons aan God se trou vashou, dat ons die God van die heelal vertrou met ons hele wese. Dis die aanvaarding dat, ongeag my situasie en hoe die wêreld rondom my lyk, God die heelal in sy hande hou. Ons wêreld het Hoop broodnodig. Ons het Hoop broodnodig. Ek het Hoop broodnodig.

Hoe *doen* ons vir mekaar Hoop? Luister mooi – nie hoe gee ons Hoop vir mekaar nie, maar hoe *doen* ons Hoop vir mekaar? Ons sorg onder andere dat elkeen in ons land 'n Bybel in sy of haar hande kan vashou. Die grootste waarde van die Bybel is dat dit God se manier is om Hoop in ons lewend te hou. In die Bybel leer ons God, die Bron van Hoop, ken. Die Bybel herinner ons aan waar ons Hoop vandaan kom.

Elkeen se hande, harte en bereidwilligheid is nodig om Hoop aan mense te bring. Die droom van die Bybelgenootskap is om gedurende 2020, bykomend tot ons algehele jaarlikse Bybelverspreiding, twee miljoen Bybels en twee miljoen stelle Bybelgebaseerde geletterdheidsboekies beskikbaar te stel. Só vier ons ons tweede eeufees – om Hoop te bring waar daar lankal van haar afskeid geneem is.

Onlangse navorsing toon dat sowat 23 miljoen Bybels in Suid-Afrika benodig word. Volgens Statistieke Suid-Afrika leef 30,4 miljoen Suid-Afrikaners in armoede. Een uit elke drie Suid-Afrikaners leef op 'n inkomste van minder as R797 per maand. Vir een uit elke drie Suid-Afrikaners beteken armoede 'n gebrek aan voedsel. Suid-Afrika is onder die 20 lande in die wêreld met die hoogste werkloosheidsyfer. Die jongste beskikbare syfers bevestig dat 27,2% van die ekonomies aktiewe bevolking in Suid-Afrika werkloos is. Basiese onderrig in Suid-Afrika skiet ver te kort. 'n Onlangse studie het bevind dat vier uit vyf graad 4-leerders se leesvermoë laer is as die internasionale aanvaarbare standaard.

Ons kan toelaat dat hierdie omstandighede ons moedeloos en reddeloos laat … of ons kan met hart en hande baklei dat Hoop tussen ons bly leef. Ek kan vir 'n medemens Hoop doen, 'n Bybel in die hand gee. Ek kan sorg dat twee stelle Bybelgebaseerde geletterheidsboekies iewers by 'n kind uitkom wat smag na Hoop se sagte stem. Só dra *ek* by om die Bybelgenootskap se droom, *Hoop vir almal*, werklikheid te maak.

Mag ek en jy die seënwoorde van Paulus aan die Romeine vir mekaar bid *en* doen (Rom 15: 13): *Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees*!

Dr Sanrie de Beer
Organiserende Sekretaris: Bybelgenootskap

***** Sondag 27 Oktober vier ons Hervormingsfees**

Lief en leed



- Oudl Koos Daffue, skriba van **Gemeente Klerksdorp-Wilkoppies**, het hierdie berig gestuur: “Hedendaags gebeur dit seker nie aldag nie dat ’n ouerpaar die voorreg ervaar dat met die kom en gaan van jare al sewe hul kindertjies deur dieselfde predikant gedoop kan word. Ook is dit ’n geseënde ervaring vir die predikant wat ’n pad met so ’n gesin kon loop. **José en Lorinda Fernandes** het op Sondag 22 September hul sewende baba ten doop gebring en dit was hul wens dat emerituspredikant **ds WH (Wessel) Swart**, ’n vorige predikant van die gemeente, wat die ander ses babas gedoop het, ook die sewende moes doop. Op dieselfde dag het José voor **ds MA (Michael) Müller**, die gemeente se huidige predikant, belydenis van geloof afgelê. Dit het beteken dat ds Wessel se betrokkenheid deur die jare by hierdie gesin vir hom ’n volmaakte kringloop voltooi het. Die Fernandes-kinders is kranige skaakspelers, sodanig dat vier van hulle – Alanzo, Alischke, Africo en Aleandro – in Laerskool Saamtrek se skaakspan ingesluit is om in Januarie 2020 aan die Suid-Afrikaanse Jeugkampioenskappe deel te neem.”

- **Die volgende predikante verjaar tot 1 November, en word hartlik geluk gewens:**

o	Vrydag 25 Oktober:	Ds CG (Chris) Liebenberg (Nieu-Seeland)
o	Saterdag 26 Oktober:	Di HSK (Hennie) Nel (Potgietersrus), GSC (Skip) Scheepers (emeritus) en JR (Robert) van Niekerk (Noordelike Pretoria)
o	Sondag 27 Oktober:	Di KF (Kathleen) Smith (Kaapstad) en PM (Pieter) Smith (emeritus)
o	Maandag 28 Oktober:	Ds CEC (Colin) Hertzog (Middelburg-Noord)
o	Woensdag 30 Oktober:	Dr AE (Anet) Dreyer-Krüger (Rustenburg-Suid), di WH (Wilhelm) Steyn (emeritus) en WF (Werner) Venter (Schoemansdal)
o	Donderdag 31 Oktober:	Ds QJ (Quinten) Schimper (Krugersdorp/Krugersdorp-Noord)

Gemeentes en bediening

- Die **uitslae van Bybelvasvra 2019**, na die finale rondte van 19 Oktober, is soos volg:

Algehele wenners
Laerskool – Noordwestelike Pretoria
Hoërskool – Noordwestelike Pretoria
Jong Hervormers – Wesmoot
Ope – Montana

Kopkrapperwenners
Laerskool – Potchefstroom-Studente
Hoërskool – Witfontein
Jong Hervormers – Witfontein
Ope – Montana

Ds Barrie Oberholzer

- **Ds BC (Barrie) Oberholzer** van Zeerust het ’n beroep ontvang na Tsumeb/Grootfontein.

- **Bydraes aan die Bybelgenootskap.** Die Bybelgenootskap se finansiële jaar eindig op 31 Oktober. Hiermee net ’n vriendelike versoek aan gemeentes om asseblief u bydraes vir 2019 nou reeds direk by die Bybelgenootskap in te betaal. Die **mikpunt** is steeds **een Bybel per lidmaat**, dit wil sê, **R55 per lidmaat per jaar**. Die eredienskollekte van Hervormingsondag, vanjaar op Sondag 27 Oktober, word per besluit van die AKV ook aan die Bybelgenootskap oorbetaal. Kontak Anne-Marie Malan by **malan@biblesociety.co.za** of 011 970 4010 vir navrae oor uitstaande bedrae, bankbesonderhede en die korrekte donateursnommer vir u gemeente. Baie dankie vir u positiewe gesindheid en al die pogings wat aangewend word om te verseker dat God se Woord aan almal beskikbaar gestel word.

- **Preekgeleenthede in Sabie en Witrivier.** Ds Willem Breytenbach sal aan die einde van die jaar met langverlof weg wees, en die volgende preekbeurte is dan beskikbaar:
  - Sondag 15 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 18:30 (Kerssangdiens)
  - Maandag 16 Desember: Sabie 09:00 (Geloftefees)
  - Sondag 22 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00
  - Woensdag 25 Desember (Kersdag): Witrivier 07:00 en Sabie 09:00
  - Sondag 29 Desember: Sabie 08:00 en Witrivier 10:00

  Die afstand tussen Sabie en Witrivier is 47 km. Predikante, dosente en teologiestudente wat in Sabie, Graskop, Hazyview of Witrivier vakansie hou, kan die gemeente kontak sodat verdere reëlings getref kan word. Preekbeurt plus vervoer vanaf vakansieverblyf sal vergoed word volgens vasgestelde tariewe.

  Navrae: **nhsabie@telkomsa.net** of **willembb@telkomsa.net**
  013 764 1813 Maandae, Woensdae en Vrydae 08:00-13:00

Vergaderings

- Donderdag 24 Oktober: Redaksie van *Die Hervormer*

’n Gedig

Klag

Hoor die gedruis, hoor die gedruis, hoor die gedruis
van die wit wit reën.
Die reën sak uit, die reën sak uit, die reën sak uit
stromend omheen.
Diep in die grond, die ondergrond, my ondergrond
dring die water, dring sy genade,
swel die sade...
O God, U alleen is al my krag,
leer my dan, leer my dan
leer my bomenslik dadeloos geduldig wag.

Sheila Cussons
(Uit: *Die heilige modder*, 1988)

Kerklike publikasies

- SENTIK stuur elke Donderdag ’n **lokflits** aan predikante, gemeentes en ander intekenaars wat voorheen die weeklikse *Blitspos* ontvang het. Die lokflits bevat **skakels** na *Blitspos* en nuwe artikels en meningstukke wat op die Kerk se webblad **www.nhka.org** geplaas is. Indien u die lokflits sporadies of glad nie ontvang nie, kan u gerus ’n e-pos stuur na **karen@nhk.co.za**. Klik **hier** vir vorige uitgawes van *Blitspos*.

- Die publikasie ***So glo ons*** (2012) bevat die belydenisskrifte (Heidelbergse Kategismus; Nederlandse Geloofsbelydenis; en die Dordtse Leerreëls) en die ekumeniese simbole (Apostoliese Geloofsbelydenis; Geloofsbelydenis van Nicea; en die Geloofsbelydenis genoem na Athanasius). Bestel die boekies teen **R60 elk** (posgeld uitgesluit) van mev Sarie Roux, by **sentik@nhk.co.za** of 012 322 8885 x3025.

- Die **Kerkkalender vir 2020** wat SENTIK vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is op die Kerk se webblad **www.nhka.org** beskikbaar, onder Amptelik → Korporatiewe identiteit. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan nou hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.

- ***Bybelse Dagboek / Almanak 2020***
  R185 (versending uitgesluit)
  Kry belangrike inligting oor die Hervormde Kerk
  én 'n inspirerende Bybelse dagboek in een omslag
  Bestel nou by **sentik@nhk.co.za**

Allegaartjie

Ek hou my brein aan die gang, ek eet net 'n bietjie kos op 'n slag en ek drink elke dag nog my dop brandewyn. (Dr Andries Conradie, wat op 4 Oktober vanjaar op 91 'n doktorsgraad in filosofiese teologie aan Unisa verwerf het. Sy vorige graad het hy in 1967 behaal!) [Bron: *Beeld Metro*, 16 Oktober 2019]

Barmhartigheid

- **Beurse en lenings vir 2020.** Die **NHSV** beskik oor beurse en lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Aansoekvorms kan afgelaai word van die NHSV webblad **www.nhsv.org.za**. Klik **hier** om die aansoekvorm af te laai. Die sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2019**.



- **Ons Tuis (Riviera)** het enkel en dubbel **gastekamersuites** beskikbaar vir persone wat naby die hospitale moet wees of selfs waar Oupa en/of Ouma kan tuisgaan as die kinders met verlof is. Die enkelkamersuite sluit ontbyt in teen R350 per nag, en die dubbelkamersuite sluit ontbyt in teen R550 per nag.

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria: ruim **drieslaapkamer-woonregwoonstelle** beskikbaar teen R1 164 940 vir afgetredenes. Die wooneenhede is in 'n rustige omgewing naby busroetes en 'n winkelkompleks. Verskeie dienste word op die perseel gelewer, asook sosiale aktiwiteite. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

Ons Tuis-gastekamer

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **eenslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff vir R366 160. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x202 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle)**
  Lewensreg te koop
  2-slaapkamer @ R560 000
  1½-slaapkamer @ R520 000
  1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan
  Geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder)
  012 329 4318 / 084 920 8723

Konserte en feeste

- **Gemeente Newlands (Johannesburg): *Stars and Stripes***
  Orrel-en-trompet-uitvoering: Saterdag 26 Oktober om 17:30
  hv Waterval- en Sewendestraat
  R100 per persoon (sluit verversings in)
  Trompet: Jevon O’Donovan
  Orrel: Maricus le Grange en Christo Erasmus
  Bach, Mendelssohn, Boellmann, Sousa en meer
  Gemeentekantoor: 011 673 4770
  Hannetjie: 072 429 1595
  Christo: 072 607 7320
  Ds Maryka Potgieter: 082 578 3282

Fondsinsamelings

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria: Nommer 13-toer**
  Donderdag 31 Oktober om 19:00
  R200 per persoon (ete en 1 vatbier ingesluit)
  Met Danie Gerber en John van Rensburg
  Musiek deur Gary Forwood
  Grizzlies-rugbyklub, Ds Krigelaan, Daspoort
  Kaartjies: Johanna Scholtz 060 577 6458
  Stephen de Beer 060 577 6472
  (Ons gesels rugby met oud-Springbok Danie Gerber
  oor die Wêreldbeker-eindstryd van Saterdag 2 November.
  Ons glo die Bokke gaan Saterdag wen en in die eindstryd speel.)

Basaars en markte

- **Gemeente Pretoria-Oos: Kersmark**
  24, 25 en 26 Oktober
  Donderdag 24 – Vrydag 25 Oktober: 09:00-20:00
  Saterdag 26 Oktober: 09:00-14:00
  Delyweg 100, Waterkloofpark
  Uitstallers welkom
  Geskenke, juwele, boeke
  Kosstalletjies, teetuin en vele meer
  Kontak Chaneen Dippenaar vir aansoekvorms en meer inligting
  kersmark@pretoriaoos.com / 012 460 8441

- **Emily Hobhouse-tehuis: Basaar en Kontreifees**
  Saterdag 26 Oktober 08:00-15:00
  Malherbestraat 55, Capital Park
  Pannekoek, *jaffles* en meer
  Vars vleis, groente en gebak
  Hulp nodig met gebak, bestanddele en by tafels
  Gaskunstenaar Gary Forwood, baie uitstallers
  Navrae: 012 323 4891

- **Gemeente Silverton: Basaar**
  Saterdag 2 November vanaf 08:00 en solank voorraad hou
  By kerksaal, hv Fakkel- en Presidentstraat, Silverton
  Vetkoek, pap-en-kaiings, worsbroodjies
  Pannekoek, nagereg, koek
  Dansers, vermaak vir oud en jonk en baie meer
  Staanplek vir stalletjies beskikbaar teen R200
  Geen kosstalletjies van buite gemeente toegelaat
  Navrae: Ds Henk Labuschagne 082 375 4321
  Hannie Knoll 079 603 6555

- **Gemeente Noordwestelike Pretoria: Karnaval en Varkmark**
  Saterdag 2 November
  hv Van Riebeeck- en Ferdinandstraat, Daspoort
  Pap-en-kaiings, Eisbein, *gammon*, vetkoek-met-maalvleis
  Ons eie 100% vleis *topside* wors, *topside* maalvleis
  Pannekoek, poeding, koektafel
  Tombola, teetuin, boeresport, babakompetisie
  Skopbokstoernooi en rugbyfinaal op ’n groot skerm in die saal
  Toegang R10 per persoon
  Kontak Johanna Scholtz by 060 577 6458

- **Gemeente Drie Riviere: Kersmark**
  Saterdag 23 November 09:00-15:00
  hv Bashee- en Wilgestraat
  Geskenke, teetuin, kindervermaak en meer
  Bespreek ’n stalletjie
  Kontak ds Hennie Louw by 084 508 7849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

O Grootkoning bo alle konings, ek aanbid U.
Soos ons dorp se gesamentlike slypsteen is U altyd beskikbaar;
U raak nooit stomp vir ons behoeftes nie.
U weet hoe arm en ongeletterd ons is,
en hoe dikwels ons met hongerpyne op ons maag moet werk.
Ons bid dat U op die regte tyd reën sal stuur,
sodat ons genoeg kos vir ons en ons kinders kan hê.
Beskerm ons vannag teen die koue en die gevare daarbuite.
Maak ons asseblief gesond en sterk,
en vul ons dorpie met die gelag van kinders.
Bevry ons van die mag van bygeloof en toordokters.
Laat geloof in Christus hier by ons groei. Leer ons om te bid.
Ons vra dit in die Naam van u Seun, Jesus, die Christus.

’n Gebed uit die Demokratiese Republiek van die Kongo
(Uit: *Die groot gebedeboek*, 2014)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk